SAT-7 NUUS

SAT-7 SA Nuusbrief—Julie 2017

FARSI KANAAL VERDUBBEL POTENSIËLE KYKERTAL IN IRAN DEUR NUWE SATELLIET-DIENS

SAT-7 PARS, die Farsi (Persiese) kanaal van SAT-7, saai al tien jaar op die *Hotbird* satelliet uit aan kykers in Iran, Afghanistan, Tajikistan, die res van die Midde-Ooste en Europa. Nou maak hul ook gebruik van die baie populêre *Yahsat* satelliet fasiliteit, met ongeveer 10 miljoen kyker-gesinne in Iran.

"Dit was ons droom vir etlike jare omdat *Yatsat* `n toenemend populêre satelliet is wat ons toegang tot `n geheel nuwe kyker-groep in Iran en elders in Sentraal- Asië gee," verduidelik SAT-7 PARS se senior bestuurder, Panayiotis Keenan.

Groter SAT-7 PARS kykertal

Uit die 20 miljoen gesinne met toegang tot satelliet -TV in Iran, het *Yahsat* ongeveer 10 miljoen TV kyker-gesinne. Die hoë-krag straal konsentreer spesifiek op Iran en Afghanistan en word opgevang met `n kleiner en goedkoper skottel as ander satelliet-uitsendings. Dis `n gunsteling-sender onder Farsi-sprekendes, ook omdat die diens `n wye verskeidenheid kanale van goeie kwaliteit bied.

Die enigste Chritelike kanaal

"Deur op *Yahsat* uit te saai betrek ons nuwe kykers. Navorsing dui daarop dat SAT-7 PARS kan verwag om dubbeld die huidige potensiële getal kykers te bereik," verduidelik Dr Terence Ascott, stigter van SAT-7. "Bykomend bied dit ons `n unieke en spesiale geleentheid, aangesien daar geen ander Christelike kanaal op hierdie satelliet is nie."

Verbeterde kyk-belewenis

Yahsat bied `n beter kwaliteit beeld, en uitsendings kan (later) na Hoë Definisie (HD) opgegradeer word. SAT-7 kan op hierdie manier ook nou dubbeld sy huidige Farsi kyk-ure uitsaai. "Hoewel ons op *Yah-sat* tans dieselfde skedule as op *Hotbird* uitsaai, hoop ons om later twee verskillende programskedules uit te saai," sê Keenan verder. "Dit sal aan Farsi-sprekendes wat albei satellietdienste opvang, `n wyer keuse van programme bied."

SAT-7 karakter en benadering

SAT-7 het deur die polities- en kultureel-sensitiewe Christelike program-benadering die vertroue van baie mense in die streek gewen. Dit is waarskynlik die vernaamste rede waarom ons toegelaat word om op *Yahsat* uit te saai. ■

"

Dit is nou `n jaar sedert ek tot geloof gekom het en alles het verander. God gebruik julle om ons te red. Ons het nie kerke of byeenkomste in Iran nie. Ons het individuele kerke; ons praat met ons Here in ons harte en het so gemeenskap met Hom. Ons word geestelik gevoed deur julle programme en lering. Ek getuig teenoor almal oor dit wat ek uit jul programme leer. Mense waarsku my om stil te bly, maar hoe kan ek? Ek was dood, maar nou lewe ek. Ek het `n verhouding met my God en leef deur Hom. Ek wil dat almal Jesus leer ken en in Hom glo en verlos word, net soos ek. Alle eer aan God!

- Mehrad in Iran

HOEKOM IS DIT? REAGEER OP KINDERVRAE

Na die aanval van 26 Mei op Christene op `n woestynpad in Minya, Egipte, vra talle jong gelowiges: "Het God ons dan verlaat?" Die SAT-7 KIDS program *Hoekom is Dit?* het aandag aan hierdie vrae geskenk.

Koptiese Christen-gemeenskappe het die afgelope tyd `n reeks aanvalle beleef, waarvan hierdie die mees onlangse is. 29 mense (waarvan 2 kinders) is dood en 25 gewond. `n Groep van sowat tien gewapende mans het `n konvooi voertuie, waaronder `n bus, met Koptiese Christene op pad na `n kerkdiens voorgekeer, geskiet op die reisigers, en toe gevlug.

Hierdie reeks gebeure het baie kinders in die gebied geweldig geskok gelaat, met vrae oor hul geloof en ook oor die wêreld waarin hul leef.

Hoekom is Dit? se span sou aanvanklik `n ander program aanbied, sê aanbieder Essam Nagy. "Maar drie ure voor die aanbieding het ons gehoor van die aanval en toe verander ons die tema van daardie episode om aan kinders se worsteling hieroor aandag te gee."

Vrae wat antwoorde soek

Die aanbieders het aan die begin van die betrokke episode eerstens hul meegevoel betuig teenoor die families en toe jong kykers genooi om te skakel en deel te neem aan die gesprek. Baie van hulle het toe reeds tonele van die ontstellende gebeure gesien.

"Die eerste oproep was van `n kind in Beni Suef, die stad vanwaar die bus sy reis begin het," vertel Essam. "Ek het die kinders verseker dat die Here naby is en hulle hoor; dat Jesus hulle nie verlaat het nie, en nooit sal nie."

Baie kinders het gebel en gesê hulle vergewe die moordenaars en sal vir hulle bid. Een jong meisietjie het gesê: "Mag God met ons wees en nie weer so iets toelaat nie." Essam het haar gevra of sy sal voel God het haar verlaat as so iets weer gebeur. Haar antwoord was: "Ja." Hy het haar toe met begrip en liefde bemoedig om altyd op die Here te vertrou, en haar verseker dat Hy haar deur alles heen liefhet.

Bemoediging deur gebed

Essam het die kinders gelei in `n kort gebed, waarmee hy die jong kykers herinner om Jesus te vertrou en naby Hom te bly in moeilike tye.

"Julle is helde van geloof! Die klein liggie in julle raak die mense om julle! 1 Joh 4:4 sê: 'Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.' "

Essam kyk terug op gebeure

"Wanneer soiets gebeur, móét ons dit aanspreek!" sê Essam. "Ons wil hê hulle moet in hulle harte weet Jesus is daar vir hulle, ook wanneer bose dinge gebeur."

Kinders in hierdie streek word gedurig blootgestel aan sulke verskriklike nuus, sê hy. "Dit was nogal `n uitdaging om so `n vars wond oor die lug aan te spreek, maar God was gereed met antwoorde. Die kinders het gepraat van vergifnis, liefde en ook vrede aan hulle wat in pyn is."

Impak op families

"Kinders is soos saadjies," gaan Essam verder. "As jy hulle plant in goeie grond dra hulle goeie vrug. Dis baie belangrik om in hulle te belê terwyl hulle jonk is. Ons almal wil so graag kinderlik in ons geloof wees. Hierdie kinders se getuienisse herstel geloof, daag dit uit, en versterk dit. Hiermee help ons ook om Christen-gesinne en die Kerk in die Midde-Ooste te versterk." ■

> **"Hallo, *Mr Know* (Essam). Ek kan jou nie genoeg bedank vir die gesindheid van liefde wat jy in ons kinders saai nie. Ten spyte van die vervolging in Minya, volhard jy om te praat van liefde. Ons sien Jesus in jou en leer baie van jou. Dankie!**
> **- `n Kyker in Egipte**

Kopiereg © 2017 SAT-7

Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646,
Lynnwoodrif
Pretoria 0040
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org
southafrica@sat7.org
+27 83 628 6488
+27 12 807 2763

Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa
ABSA / Takkode : 632005
Tjekrekening : 93-1343-4717
Verstrek asb naam en adres
met inbetaling

MAAK
LIEFDE
SIGBAAR